KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

**NOTULE VAN 'N ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OM 14:00 OP DINSDAG 28 OKTOBER 2014 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP**

***MINUTES OF A GENERAL COUNCIL MEETING HELD ON TUESDAY, 28 OCTOBER 2014 AT 14:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP***

## TEENWOORDIG

| | |
|---|---|
| Me E Marthinus | Speaker |
| Mnr R G Mitchell | Uitvoerende Burgemeester |
| Mnr D Jantjies | Uitvoerende Onder-Burgemeester |
| Mnr R Mokotwana | Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee |
| Me P Atyhosi | Raadslid |
| Mnr D Burger | Raadslid |
| Mnr A Coetzee | Raadsheer |
| Mnr W October | Raadslid |
| Mnr J Nieuwoudt | Raadsheer |

## AANWESIG

| | |
|---|---|
| Mnre D O'Neill | Munisipale Bestuurder |
| Mnr S Ngwevu | Direkteur: Korporatiewe Dienste |
| Mnr H Van Biljon | Direkteur: Finansiële Dienste |
| Mnr P Everson | Asst. Direkteur: Elektries |
| Mnr B Hayward | Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning |
| Mnr B Swart | Interne Ouditeur |
| Mnr M Moelich | Komiteedienste |
| Me N Mhlati-Musewe | Bestuurder: Menslike Hulpbronne |
| Me J Dixon-Kasira | Menslike Hulpbronne |

1. **OPENING**

Die Speaker heet die teenwoordiges welkom en Raadsheer Coetzee open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**

| | |
|---|---|
| Mnr N Kotze | Direkteur: Siviele Ingenieursdienste |
| Mnr K Mrali | Direkteur: Gemeenskapsdienste |

3. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

3.1 **NOTULE VAN ALGEMENE RAADSVERGADERING GEHOU OP:**

3.1.1 30 September 2014

(***Bogenoemde Notule word ingebind in meegaande Notule dokument.***)

***BESLUIT 214/2014***

Die Notule word as korrek en volledig bekragtig.

4. **NOTULES VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERINGS OOR BESLUITE DEUR HOM GENEEM SAAM MET DIE BURGEMEESTERSKOMITEE**

4.1 **NOTULES VAN UBK VERGADERINGS GEHOU OP:**

4.1.1 25 Augustus 2014

4.1.2 30 September 2014

(***Bogenoemde Notules word ingebind in meegaande Notule dokument.***)

***BESLUIT 215/2014***

Die Raad neem kennis van bogenoemde UBK Notules.

5. **NOTULES VAN KOMITEE VERGADERINGS VOORGELê VIR KENNISNAME**

5.1 **WYKSKOMITEE VERGADERINGS GEHOU OP:**

5.1.1 WYK 1 : 22 September 2014

5.1.2 WYK 2 : 29 September 2014

5.1.3 WYK 3 : 25 September 2014

5.1.4 WYK 4 : 23 September 2014

5.1.5 WYK 5 : 23 September 2014

***BESLUIT 216/2014***

Die Raad neem kennis van bogenoemde Wykskomitee Notules.

5.2 **ICT KOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

5.2.1 16 Oktober 2014

(***Bogenoemde Notules word ingebind in meegaande Notule dokument.***)

***BESLUIT 217/2014***

Die Raad neem kennis van bogenoemde ICT Komitee Notule.

6. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULES**

Geen.

7. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

7.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

7.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Die Speaker wys die Raadslede op 'n vergadering met die Afbakeningsraad wat plaasvind op 30 Oktober 2014.

7.3 **AANWYS VAN AFGEVAARDIGDES**

Geen.

8. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

Geen.

9. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

10. **ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING**


| | | **Bladsy: Agenda** |
|---|---|---|
| 10.1 | **MUNISIPALE BESTUURDER** | **4** |
| 10.1.1 | KAM Strategiese Risiko Aksieplan Vordering: Sept 2014 | **4 - 5** |
| 10.1.2 | Verslag: Oudit- en Prestasieoudit Komitee | **5 - 6** |
| 10.1.3 | Vulling vakante pos: Oudit- en Prestasieoudit Komitee | **6 - 7** |
| 10.1.4 | Strategiese Aksieplan 2013: Vordering - Okt 2014 | **7 - 8** |
| 10.1.5 | SDBIP Kwartaalverslag: 1 Jul 2014 tot 30 Sept 2014 | **8 - 9** |
| 10.2 | **PUBLIEKE DIENSTE** | **9** |
| 10.2.1 | Small scale embedded generators: Integrated Energy Policy | **9 - 10** |
| 10.3 | **KORPORATIEWE DIENSTE** | **11** |
| 10.3.1 | Terugvoer: IMASA-Kongres | **11 - 12** |
| 10.3.2 | Agulhas Natuurreservaat Konstitusie: Erf 1032, L'Agulhas | **12** |
| 10.4 | **FINANSIëLE DIENSTE** | **13** |
| 10.4.1 | Maandverslag: Voorsieningskanaalbestuur | **13** |
| 10.4.2 | Quarterly Supply Chain Management Implementation | **13 - 14** |

| | | | Bladsy: Agenda |
|---|---|---|---|
| 11. | **ITEMS DEUR DIE UBK NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING** | | **14** |
| | 11.1 | Oorweging van aansoeke om donasies | **14 - 15** |
| | 11.2 | Verlenging van huurooreenkoms: APO-Saal, Bredasdorp | **16 - 17** |
| | 11.3 | Gebruik van erf 4324, Gonnabosstraat, Bredasdorp | **17 - 18** |
| 12. | **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER** | | **18** |
| | 12.1 | Gelyke Indiensnemingsverslag | **18 - 19** |
| | 12.2 | Approval of Project Fair Shortfall | **19 - 20** |
| | 12.3 | Establisment of a "SCOA" Committee | **20 - 22** |

13. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

14. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

15. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

16. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN RAADSBESLUITE**

'n Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op bladsy 23.

17. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee agenda word as 'n aparte dokument gemerk "In-Komitee" versprei.

18. **SLUITING**


## 10. ITEMS NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

## 10.1 MUNISIPALE BESTUURDER / *MUNICIPAL MANAGER*

### 10.1.1 KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT STRATEGIESE RISIKO AKSIEPLAN VORDERING: SEPTEMBER 2014 (IO)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die vordering met die strategiese risikoregister aksieplan soos op einde September 2014 aan die Raad voor te lê vir oorweging en bespreking.

**AGTERGROND**

Op 27 Augustus 2014 is die finale konsep strategiese risiko aksieplan aan die Raad voorgelê en aanvaar.

Daar word op 'n maandelikse basis verslag gedoen oor die vordering met die inwerkingstelling van die regstellende stappe daarin vervat. Die verslag wat aangeheg word op bladsy 1 en 2 is die vordering soos op einde September 2014 en word aan die Raad voorgelê vir oorweging en bespreking waar nodig geag.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Onbekend.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die vordering met die strategiese risiko aksieplan soos op einde September 2014 oorweeg en aanvaar word.

***BESLUIT 218/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

10.1.2 **VERSLAG VANAF DIE OUDIT- EN PRESTASIEOUDIT KOMITEE OOR DIE KOMITEE VERGADERING VAN 30 JUNIE 2014 (IO)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Verslagdoening aan die Raad oor die Oudit- en Prestasieoudit Komitee se vergadering, besluite en aanbevelings van 30 Junie 2014.

**AGTERGROND**

Die komitee het op 30 Junie 2014 vergader waarvan die goedgekeurde notule aangeheg word op bladsy 3 tot 6.

Die volgende notule items, besluite en aanbevelings word graag onder die Raad se aandag gebring:

- **Par. 5:** Tydens gesprekvoeringe met MPAC is die volgende voorgestel:

  (i) Dat die Komitee se bekommernisse en aanbevelings as pertinente agenda items in die Raadsvergaderings voorgelê en spesifiek bespreek word.
  (ii) Dat die Interne Ouditeur aan die Komitee terugvoering sal gee oor die Raad se bespreking daarvan en die aanbevelings deur hulle gemaak.

  (Dit kan genoem word dat dit reeds geïmplementeer is)

- **Par. 6 en 8:** Tydens gesprekvoering met die Burgemeester en die bespreking van die vordering met die OPCAR is die voolgende aangeleenthede en bekommernisse van die Komitee aan die lig gebring, naamlik:

  (i) Die hoeveelheid oortyd wat gewerk word en die koste daaraan verbonde.
  (ii) Bestuur van verlof aan die hand van die OG se bevindinge.
  (iii) Die Komitee verlang terugvoering oor hulle aanbevelings wat aan die Raad voorgelê is.
  (iv) Die Komitee se tevredenheid dat die huidige fokus van die munisipaliteit op finansiële volhoubaarheid berus.
  (v) Die Komitee dui aan dat die betrokkenheid van die Interne Ouditeur by verskeie ander take sy onafhanklikheid mag beïnvloed asook die Komitee se jaarlikse evaluering van die onafhanklikheid van die interne oudit funksie. Pertinente bekommernisse is die volgende:

1. Die Komitee spreek sy bekommernis uit dat daar aanvaar word dat sekere take wat deur die Interne Ouditeur uitgevoer word of wat deur hom gedryf word, histories saam met hom gekom het en dat daar bepaalde redes was waarom hierdie take aan hom toegeken was.
2. Dit word ook aanvaar dat dit grootliks bygedra het tot die verbetering op die OG bevindinge, veral op die gebied van prestasiebestuur waar 'n skoon oudit verkry is.
3. Die Komitee is egter bekommerd oor die uitwerking van die aantal take wat aan die Interne Ouditeur toegeken is, of waarby hy betrokke is, op die uitvoering van sy primêre taak, naamlik interne oudit en die uitvoering van die jaarlikse ouditplan.
4. Die Komitee is ook van mening dat hierdie situasie 'n negatiewe uitwerking het op die interne oudit funksie se onafhanklikheid en onpartydigheid.
5. Die Komitee is ook bekommerd oor die Interne Ouditeur se betrokkenheid by Risiko Bestuur aangesien die risiko proses en analise die basis vorm vir die interne ouditplan. Deur by beide betrokke te wees is 'n konflik van belange en 'n beperking op die Interne Ouditeur se onafhanklikheid en onpartydigheid.

- **Par. 14 - "Land Disposal Committee":** Die Komitee neem kennis dat die LDC as 'n geheel die verslag eers met die Interne Ouditeur wil bespreek. Gebasseer op die konsep verslag, wat heelwaarskynlik nie sal verander nie, is die Komitee baie bekommerd dat die bevindinge van die vorige oudit grootliks nog nie opgelos is nie en dat dieselfde situasie nog heers.

- **Par. 17 - Algemeen:** Alhoewel daar bepaalde redes was waarom die Munisipale Bestuurder en CFO nie vandag se vergadering bygewoon het nie, is dit belangrik dat hulle dit wél bywoon en dat vergaderings in die toekoms so gereël word dat hulle dit kan bywoon.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIE**

Geen.

***AANBEVELING: OUDIT- EN PRESTASIEOUDIT KOMITEE***

(i) Dat die items gelys deur die Raad oorweeg word.
(ii) Dat die spesifieke aanbevelings en besluite van die komitee uiteengesit in paragrawe 5, 6 en 8 hierboe, ondersteun en bekragtig word.

***BESLUIT 219/2014***

Dat aanbevelings, soos uiteengesit in die Oudit- en Prestasieoudit Komitee se Notule (paragrawe 5, 6 en 8), ondersteun en bekragtig word.

10.1.3 **VULLING VAN VAKANTE OUDIT- EN PRESTASIEOUDIT KOMITEE POS EN DIE HER-AANSTELLING VAN KOMITEELEDE VIR 'N TWEEDE TERMYN (IO)**

**DOEL VAN VERSLAG**

1. Om die Raad in te lig oor die vakante pos tans by die Oudit- en Prestasiebestuurskomitee en om goedkeuring te kry om die pos nie nou te vul nie; en
2. Om Raadsgoedkeuring te kry vir die heraanstelling van die lede vir 'n tweede termyn.

**AGTERGROND**

- **Vakante pos:**

  Die komitee bestaan tans uit vyf lede, maar sedert April 2012 is een van die poste vakant. Daar was al geadverteer en ook "head-hunting" gedoen, maar daar kon nie 'n geskikte kandidaat plaaslik gekry word nie. Die alternatief is dat 'n lid van buite die gebied gewerf word, maar dit het ook 'n koste implikasie.

  Tot op hede funksioneer die Komitee baie goed met slegs 4 lede en daar was nog nie gevalle waar 'n kworum nie verkry kon word nie en die Komitee is gewillig en bereid om met die 4 lede voort te gaan en stel voor dat vakante pos vir eers nie gevul word nie.

- **Her-aanstelling van die Komiteelede:**

  Die kombinering van die Oudit- en Prestasieoudit Komitee is goedgekeur by wyse van Resolusie 166/2011 op 31 Augustus 2011. Die huidige lede is almal aangestel op 9 September 2011 by wyse van formele aanstellingsbriewe.

  In terme van Nasionale Tesourie se MFMA Omsendskrywe 65 van November 2012, moet lede van die Komitee 'n minimum van drie jaar diens doen om kontinuïteit te verseker, met die opsie om vir 'n verdere 3 jaar aangestel te word. Die eerste drie jaar tydperk het dus in September 2014 verstryk. Al die lede het aangedui dat hulle gewillig en beskikbaar is om 'n tweede termyn te dien.

  Op grond van die lede se bydrae tot dusver en hulle verbintenis tot 'n skoon oudit, word voorgestel dat die lede vir 'n tweede termyn aangestel word met die veronderstelling dat die lede vroegtydig roteer word met nuwe lede om kontinuïteit te verseker.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat die Raad goedkeuring verleen dat die huidige vakante pos op die Oudit- en Prestasieoudit Komitee vir eers vakant gelaat word.
(ii) Dat die huidige Komiteelede vir 'n tweede termyn van 3 jaar aangestel word en dat die lede vroegtydig roteer om konitnuïteit te verseker.

***BESLUIT 220/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

10.1.4 **STRATEGIESE AKSIEPLAN 2013: VORDERING - OKTOBER 2014 (BM)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die vordering met die 2013 Strategiese Aksieplan soos op einde Oktober 2014 aan die Raad voor te lê vir oorweging.

**AGTERGROND**

Op 10 en 11 Oktober 2013 het die Burgemeester sy jaarlikse strategiese sessie gehou waaruit 'n aksieplan opgestel is en op 18 Maart 2014 is dit opdateer met verdere aksies en items. Die vordering met die aksieplan word op 'n maandelikse grondslag opgedateer en aan die Burgemeester voorgelê. In terme van die Raadsbesluit vir die goedkeuring van die aksieplan, moet die vordering ook aan die Raad voorgelê word. Die aangehegte plan op bladsy 7 tot 13 dui die vordering gemaak tot en met die einde van Oktober 2014 en en word aan die Raad voorgelê vir oorweging.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIËLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die vorderingsverslag ten opsigte van die Strategiese Aksieplan vir 2013 soos op einde Oktober 2014 deur die Raad oorweeg en aanvaar word.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 221/2014***

Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

10.1.5 **SDBIP KWARTAALVERSLAG: 1 JULIE 2014 TOT 30 SEPTEMBER 2014 (2/9/2 - MB)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om kennis te neem van die inhoud van die kwartaalverslag van die Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan *("SDBIP - Service Delivery and Budget Implementation plan")* vir die kwartaal geëindig 30 September 2014 en om oorweging te skenk aan die verslag.

**AGTERGROND**

Artikel 1 van die Munisipale Finansiële Bestuurswet (No 56 van 2003) beskryf die SDBIP "as 'n gedetailleerde plan wat deur die Burgemeester van 'n munisipaliteit ingevolge artikel 53(1)(c)(ii) goedgekeur is vir die implementering van die Munisipaliteit se lewering van munisipale dienste en van sy jaarlikse begroting. Verslae word kwartaalliks aan die Raad voorgelê vir besprekings en oorweging.

In terme van die voorskrifte moet die volgende inligtingstukke, soos aangeheg op bladsy 14 tot 20, ingesluit word ten einde te voldoen aan die betrokke wetgewing soos hierbo uiteengesit:

(a) Maandelikse projeksies van inkomste per bron wat geïn moet word.
(b) Maandelikse projeksies van bedryfs- en kapitaalbestedings per begrotingspos.
(c) Kwartaal projeksies van diensleweringsteikens en prestasie-aanwysers vir elke departement.

Die finansiële inligting vervat in bogemelde skedules is beperk en daar is tans 'n behoefte by die Raad vir addisionele inligting. Die artikel 52 verslae wat maandeliks aan die Raad voorgelê word, bevat all hierdie inligting en meer en is uitgebrei om aan die Raad se behoefte te voldoen. Derhalwe word slegs die kwartaal se SDBIP resultaat met hierdie item voorgelê en word die finansiële inligting per artikel 52 verslag voorgelê.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Geen.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

Geen.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad die kwartaalverslag ingevolge die Dienslewerings- en Begrotingsimplementeringsplan oorweeg en aanvaar.

***BESLUIT 222/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

## 10.2 PUBLIEKE DIENSTE / *PUBLIC WORKS*

### 10.2.1 SMALL SCALE EMBEDDED GENERATORS: INTEGRATED ENERGY POLICY FOR CAPE AGULHAS MUNICIPAL ELECTRICITY SUPPLY AUTHORITY (16/2/R - AEMD)

**PURPOSE OF REPORT**

To submit the attched draft policy on page 21 to 32 for the generation and connection of small scale generators to the Cape Agulhas Municipality's distribution network

**BACKGROUND**

Council requested that a policy to regulate the generation and connection of small scale generators to the grid be drawn up

The White Paper on Sustainable Energy for the Western Cape Province published in the Provincial Gazette Extraordinary No. 6792 on 20th September 2010 sets a target of 15% for electrical energy from renewable sources in 2014.

**PERSONNEL IMPLICATIONS**

None.

**FINANCIAL IMPLICATIONS**

None.

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

That Council approves the policy as presented, subject to the following conditions:

(i) There will be no compensation for any surplus electrical power which is fed into the Municipality's network.
(ii) The Owner is responsible to ensure that the equipment is procured, installed, operated and maintained according to all of the relevant standards and regulations, including the Land Use Planning Ordinance No 15 of 1985 and the National Building Regulations.
(iii) Written application must be submitted on the prescribed form.
(iv) Electrical drawings and circuit diagrams of the installation must be approved and submitted to the representative of the Supply Authority by an Electrical Engineer who is registered by the Engineering Council of South Africa (ECSA).
(v) Installation to be done by an accredited Installation Electrician and a Certificate of Compliance (COC) must be submitted to the Owner/User and a copy to the Supply Authority.
(vi) A basic availability charge based on a 40 amp supply will be charged to all consumers connected to the municipal grid.
(vii) The owner will be liable for the cost of an import/export reading meter.
(viii) The generator may not be used without the written permission of a representative of the Supply Authority.
(ix) An approval may be withdrawn if -

(a) Any information submitted by the applicant is found to be false or misleading.
(b) The construction, operation, maintenance or transfer of data does not comply with the requirements of the National Energy Regulator (NERSA).
(c) The installation or any part thereof is found to be non-functional or dangerous.

(x) Council reserves the right to require the owner/user to make such changes to the installation, protection or data transfer systems as Council may deem fit to -

(a) Improve safety.
(b) Improve the quality of supply.
(c) Comply with existing or future legislation.
(d) Management of assets or income.
(e) Such changes will be for the owner/user's account.

(xi) Change of tariff according to future recommendations by NERSA for consumers with embedded generators.
(xii) Consumers on prepaid meter tariffs will be converted back to the applicable tariff with a basic fee and per-unit charge.

***AANBEVELING: PUBLIEKE WERKE KOMITEE / RECOMMENDATION: PUBLIC WORKS COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 223/2014***

Dat die Publieke Werke Komitee se aanbeveling aanvaar word.

## 10.3 KORPORATIEWE DIENSTE / *CORPORATE SERVICES*

### 10.3.1 TERUGVOER: IMASA-KONGRES - 17 TOT 19 SEPTEMBER 2014 (BAO)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die Raad in te lig oor die afgelope IMASA kongres wat bygewoon is deur die Bestuurder: Admin Ondersteuning.

**AGTERGROND**

IMASA se 16de Nasionale Algemene Jaarvergadering en Kongres het plaasgevind vanaf 17 tot 19 September 2014 in Polokwane, Limpopo Provinsie.

- 16 September 2014 : Nasionale Instituutraadsvergadering
- 17 September 2014 : IMASA Algemene Jaarvergadering
- 18 en 19 September 2014 : IMASA Kongres

Aangesien die Bestuurder: Admin Ondersteuning die Wes-Kaaptak se Onder-Voorsitter is, het hy ook die Nasionale Instituutraadsvergadering bygewoon as lid van die NIC.

**Van die items wat tydens die kongres behandel is, sluit in:**

1. "Key Note Address" by Limpopo MEC for Co-Operative Governance (Mr Silomo Evens).
2. Negotiating the challenge of legal compliance. Mr Len Dekker (Attorney).
3. Communication as a catalyst to overcome logal government challenges (Mr Mlesela Maubene CPRP (Secretary PRISA).
4. Reports and Minutes Writing (Me Ria Heitbrink ).
5. Effective discipline in Local Government (Adv Jurie Voster).
6. The importance of communication to local government leadership (Prof Matodzi Kwashaba: Univ of Venda).
7. Are Senior Managers underpaid? (Mr Lance Joel – Former Chief of Operations: SALGA.
8. Municipal Public Accounts Committee (Mr Dave Mabelane: Sekhukhune Distric Municipality).
9. International perspective of Local Government in a Chaning world. (presentations by Israel).



PHOTO: SUPPLIED
Gil Litov and Shuki Klein with Cherel Janse van Rensburg, Vice President of Imasa and Barry Viljoen, Conference Convenor, at an informal welcoming function on Tuesday.

**L'chaim Israelis say to Imasa**

BARRY VILJOEN
>>barryv.observer@gmail.com

Two officials of local government in Israel are currently the guests of the Institute of Municipal Administrators for Southern Africa (Imasa) in Polokwane.

Gil Litov, President of the Israeli Association of Municipal Clerks and Managers (IAM) and Chief Executive Officer and Chief Finance Officer of Beit-Arye Municipality and Shuki Klein, Chairman of International Relations at the IAM are attending Imasa's 16th Annual National Conference that takes place in the city today (Thursday) and Friday. Litov and Klein will exchange their experiences and knowledge of local government with the delegates to the conference.

The conference will include presentations by experts in the field of local government and sessions on legal compliance, communication, effective discipline and the Municipal Public Accounts Committee (MPAC) should attract wide attention.

Imasa is a national institute founded in Polokwane 16 years ago. Its objectives and founding values include the promotion of effective and efficient municipal administration that is consistent with universal principles of sound public management as the foundation of good local government. Imasa focuses on serving the best interests of the profession of municipal administration and the development and growth of those in the field, especially persons who come from communities or backgrounds where opportunities for full development have been limited or impaired.

Officials of a number of municipalities in the province are members of Imasa and the Limpopo Branch is the host of the conference. **Polokwane Observer** is the print media sponsor.

IMASA het verskeie internasionale bande met o.a. die IIMC (International Instituut of Municipal Clerks), wat ook jaarliks die kongres bywoon.

Alle inligting is beskikbaar by BAO. Aanbiedings by die kongres sal later op *www.IMASA.org.za* beskikbaar wees. Meneer Moelich bedank die Raad vir die voorreg om die kongres te kon bywoon.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Alle uitgawes was voorsien in die 2014/2015 begroting.

***BESTUURAANBEVELING***

Dat die Raad kennis neem van die verslag.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 224/2014***

Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

10.3.2 **AGULHAS NATUURRESERVAAT KONSTITUSIE: ERF 1032 L'AGULGAS (L1032 - BSSB) (WYK 5)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Dat die Raad die Konstitusie en Argitektoniese Riglyne van Agulhas Natuurreservaat goedkeur (sien liggingsplan aangeheg as Bylaag A op bladsy 33).

**ALGEMENE INLIGTING**

| | | |
|---|---|---|
| Bestaande Sonering | : | Natuurbewaringsgebied |
| Bestaande Grondgebruik | : | Residensieël en Ooptuimte |
| Oppervlakte van Erf | : | ±300 ha |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad die konstitusie van Agulhas Natuurreservaat (Erf 1032, L'Agulhas) soos aangeheg as Bylaag B op bladsy 34 tot 47 aanvaar en goedkeur.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 225/2014***

Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

## 10.4 FINANSIëLE DIENSTE / *FINANCE SERVICES*

### 10.4.1 MAANDVERSLAG: VOORSIENINGSKANAALBESTUUR VIR DIE MAAND GEëINDIG 30 SEPTEMBER 2014 (5/27 - DFD) (GEEN WYKE)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om kennis te gee van:
1. Toekennings gemaak aan verskaffers van dienste en goedere ingevolge die Voorsieningskanaalbestuur Regulasies en Beleid en.
2. Tersaaklike verslae ingevolge die Voorsieningskanaalbestuur Regulasies en Beleid.

**AGTERGROND**

Die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, 2003, Hoofstuk 11, die Munisipale Voorsieningskanaalbestuur Regulasies, soos afgekondig in die Staatskoerant op 30 Mei 2005 en die Raad se Voorsieningskanaalbestuur Bestuursbeleid soos aanvaar op 26 Junie 2014 bepaal dat verskeie verslae aan die Rekenpligtige beampte en die Hoof Finansiële Beampte voorgelê moet word. Ten einde 'n deursigtige beeld aan alle prosesse in die Voorsieningskanaalbestuursafdeling te skep, word 'n volledige verslag aan die Raad voorgelê.

***BESTUURSAANBEVELING***

Die ondergenoemde verslae soos aangeheg op bladsy 48 tot 83 word voorgelê vir kennisname:

1. Kleinkas Aankope (Regulasies 15(d)) : Kennisname
2. Finale toekennings gemaak bo R30 000 (Regulasies 5(4)) : Kennisname
3. Verslag: Nasionale Tesourie: Kontrakte bo R100 000 : Kennisname
4. Afwyking: Voorsieningskanaal Bestuursbeleid onder R30 000 (Regulasies 16(c). 17(c): Kennisname
5. Afwyking: Voorsieningskanaal Bestuursbeleid bo R30 000 (Regulasies 5(3), 5(4)(a) & (b)): Kennisname
6. Finale toekennings (alle toekennings) : Kennisname
7. Artikel 45 toekennings : Kennisname
8. Aantal registrasies van verskaffers op databasis : Kennisname

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 226/2014***

Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

### 10.4.2 QUARTERLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION AND OVERSIGHT REPORT FOR THE PERIOD ENDED 30 SEPTEMBER 2014 (DFS)

**PURPOSE OF REPORT**

The accounting officer must, within 10 days of the end of each quarter, submit a report on the implementation of the supply chain management policy to the mayor. The purpose is to report to the Mayor in terms of section 6(3) of the Supply Chain Management Regulations on the implementation of the Supply Chain Management Policy for the first quarter from **1 July 2014 – 30 September 2014**, in order to strengthen Council's oversight role.

**Implementation of Supply Chain Management Policy**

The Supply Chain Management Policy was revised and adopted by Council in June 2014 to fully comply with the SCM Regulations. The SCM Policy has been reviewed by incorporating the legislative amendments and recommendations by the Auditor-General and Provicial Treasury to give effect to the compliance aspect.

This will enable the Supply Chain Management Unit (SCMU) to further streamline procedures and processes to promote more efficient and effective service delivery to all internal and external stakeholders.

**Committees**

The bid committees are established and are fully functioning fully according to Council's SCM Policy and the SCM Regulations. The committees are listed below:

- Bid Specification Committee (BSC)
- Bid Evaluation Committee (BEC)
- Bid Adjudication Committee (BAC)

For detailed information on the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 September 2014, see page 84 to 103.

***MANAGEMENT RECOMMENDTION***

That Council take note of the Quarterly Supply Chain Management Implementation and Oversight Report for the period ended 30 September 2014.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***BESLUIT 227/2014***

Dat die Finansiële- en Korporatiewe Dienste Komitee se aanbeveling aanvaar word.

## 11. ITEMS DEUR DIE UBK NA DIE RAAD VERWYS VIR OORWEGING

### 11.1 OORWEGING VAN AANSOEKE OM DONASIES (5/18/1 - MB)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die aansoeke om donasies wat in terme van die Donasiebeleid ontvang is te oorweeg.

**AGTERGROND**

Aansoeke om donasies in terme van die Raad se Donasiebeleid is soos per aangehegte skedule op bladsy 75 tot 77 gedoen.

**FINANSIëLE IMPLIKASIES**

R110 000,00 is begroot vir 2014/2015. Daar is 28 instansies wat kwalifiseer in terme van die Raad se Donansiebeleid en wat elk R3 900,00 kan ontvang.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die volgende aansoeke oorweeg:

1. Kindersorg : Liefdesnessie Dienssentrum
2. Kindersorg : Suiderster Bejaarde Klub
3. Kindersorg : Bredasdorp
4. Kindersorg : Nompumelelo
5. Kindersorg : Lesedi Educare
6. Kindersorg : Struisies Day Care
7. Kindersorg : Kaap Agulhas Tuisversorging
8. Kindersorg : Kammaland Versorgingsoord
9. Kindersorg : Emmanuel Dienssentrum
10. Kindersorg : Napier
11. ACVV
12. ACVV : Ons Huis
13. ACVV : Suideroord
14. ACVV : Dienssentrum
15. ACVV : Strandlopertjie Dienssentrum
16. ACVV : Gesondheid en Welsymkomitee
17. Huis Klippedrift
18. Wieggel Waggel Kleuterskool
19. Babbel en Krabbel Kleuterskool
20. Lions Klub Bredasdorp
21. Hoërskool Bredasdorp Joshua Groep
22. Napier Netbalklub
23. Bredasdorp Krieketklub
24. Napier Gemeenskap Polisie Forum
25. Overberg Development Assosiation
26. Totally for Christ
27. Geluksoord Dienssentrum Elim
28. Otto du Plessis Hospitaal

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***UBK BESLUIT BK201/2014: 28 OKTOBER 2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die 28 instansies elk R3 500,00 sal ontvang.
(iii) Dat alle uitstaande finansiële state ingedien word, alvorens betaling van genoemde bedrag geskied.
(iv) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 228/2014***

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die 28 instansies elk R3 500,00 sal ontvang.
(iii) Dat alle uitstaande finansiële state voor betaling van genoemde bedrag aan die Raad voorgelê word.

11.2 **VERLENGING VAN HUUROOREENKOMS: APO-SAAL, BREDASDORP (DKD)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Om oorweging te skenk aan die verlenging van 'n huurkontrak van die APO-Saal in Bredasdorp, om bedryf te word as 'n opleidingsdanslokaal, nadat besware ontvang is.

**AGTERGROND**

Die APO-Saal in Matheestraat, Bredasdorp word tans verhuur aan LINDA BOOYSE SCHOOL OF DANCE vir die aanbieding van danslesse aan skoliere. Die bestaande kontrak was gesluit tot 30 Junie 2014 en sy het die Raad versoek vir verlenging van 'n 3 jaar huurooreenkoms. Me Linda Booyse betaal 'n huurbedrag van R140,00 per maand.

**Die UBK het op 29 Julie 2014 per besluit BK129/2014 die volgende besluit geneem:**

*(i) Dat die bestaande kontrak vir 'n verdere termyn van 3 jaar verleng word, vanaf 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2017.*
*(ii) Dat die bestaande huurvoorwaardes steeds sal bestaan aansien dit 'n projek is wat jeugdiges van die strate af hou.*
*(iii) Dat die hernude kontrak deur Direkteur Korporatiewe Dienste opgestel sal word.*
*(iv) Dat die "Land Disposal Committee" deur aanbeveling LD 41/2014 die verlenging aanbeveel.*
*(v) Dat die raad se voorneme vir verhuring, geadverteer word vir publieke deelname.*

Nadat die Raad se voorneme in die plaaslike media geadverteer was, is 'n beswaar teen die verhuring vanaf "CARA" ontvang. Hul versoek dat die fasiliteit vir die hele gemeenskap beskikbaar moet wees, moontlik vir 'n plek waar die gemeenskap hul kunste kan ontwikkel.

**FINANSIëLE IMPLIKASIE**

Potensiële inkomste.

**WETGEWING**

MFMA.

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die saal nie slegs aan een persoon/organisasie verhuur word nie, maar dat die hele gemeenskap die geleentheid gebied word om, soos benodig, die saal te gebruik ('n rooster/skedule kan vir hierdie doel opgestel word).

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

(i) Dat kennis geneem word van die beswaar.
(ii) Dat, indien die saal soos ander sale verhuur sal word, die Raad aanspreeklikheid aanvaar vir die onderhoud en instandhouding.
(iii) Dat die verhuring van die saal deur Gemeenskapsdienste behartig sal word.

***UBK BESLUIT BK203/2014: 28 OKTOBER 2014***

(i) Dat kennis geneem word van die beswaar.
(vi) Dat die huurkontrak verleng word vir 'n verdere termyn van 3 jaar, vanaf 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2017.
(ii) Dat alle verhuringsvoorwaardes dieselfde bly.
(iii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 229/2014***

(i) Dat kennis geneem word van die beswaar.
(vi) Dat die huurkontrak verleng word vir 'n verdere termyn van 3 jaar, vanaf 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2017.
(ii) Dat alle verhuringsvoorwaardes dieselfde bly.

11.3 **GEBRUIK VAN ERF 4324, GONNABOSSTRAAT, KLEINBEGIN, BREDASDORP (B4324 - BSSB) (WYK 3)**

**DOEL VAN VERSLAG**

Dat die Raad 'n besluit neem ten opsigte van die gebruik van Erf 4324, Bredasdorp (sien liggingsplan aangeheg as Bylaag A op bladsy 148).

**AGTERGROND**

Die eienaar van Erf 4324 (Gonnabosstraat 11), Bredasdorp het verhuis na Geelstraat, Bredasdorp. Dus staan die huis op Erf 4324 leeg.

Mnre Town en Country is aangestel om die herbelyning te doen van al die ge-affekteerde erwe in Gonnabosstraat, Bredasdorp. Daar is onsekerheid oor die gebruik van Erf 4324, Bredasdorp.

Daar was 'n aanduiding dat mnr Karelse se dogter die huis moet gebruik op Erf 4324, Bredasdorp.

**Bestuurder: Behuising**

I think we have three options regarding this house:

1. Re-allocate the house to the daughter who is on the waiting list and register it in her name in the deeds office so that she does not apply for subsidy in future. The problem will be when the daughter sells the houses or have a family of her own and wants to extend the house then we will be sitting with the initial problem which is the size of the plot.
2. Consolidate the property and let that family have both houses.
3. Use the other house for a soup kitchen or any programme to benefit the community.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat die huis op erf 4324, Bredasdorp op sy eie erf geregistreer word.
(ii) Dat mnr Karelse se dogter die huis op erf 4324 okkupeer en dat haar naam van die behuisingswaglys afgehaal word.

***AANBEVELING: FINANSIëLE- EN KORPORATIEWE DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE AND CORPORATIVE SERVICES COMMITTEE***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

***UBK BESLUIT BK211/2014: 28 OKTOBER 2014***

(i) Dat die huis op erf 4324, Bredasdorp op sy eie erf geregistreer word.
(ii) Dat erf 4324, Bredasdorp aan mnr Karelse se dogter toegeken word indien sy aan die behuisingskreteria voldoen.
(iii) Dat die aangeleentheid na die Raad verwys word vir oorweging.

***BESLUIT 230/2014***

(i) Dat die huis op erf 4324, Bredasdorp op sy eie erf geregistreer word.
(ii) Dat erf 4324, Bredasdorp aan mnr Karelse se dogter toegeken word indien sy aan die behuisingskreteria voldoen.

## 12. DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 12.1 GELYKE INDIENSNEMINGSVERSLAG (4/4/4/1 - BMH)

**DOEL VAN VERSLAG**

Om die Gelyke Indiensnemingsverslag soos vereis deur die Departement van Arbeid te oorweeg en goed te keur.

**AGTERGROND**

Die Departement van Arbeid vereis onder andere dat Kaap Agulhas Munisipaliteit jaarliks 'n Gelyke Indiensnemingsverslag in terme van Artikel 21 van die Gelyke Indiensnemingswet, Nr 55 van 1998 indien teen nie later as 1 Oktober van die toepaslike jaar nie of teen 15 Januarie jaarliks indien dit elektronies ingehandig word. Die Raad se verslag word die afgelope paar jaar elektronies ingedien.

Die Gelyke Indiensnemingsverslag wat aan die Departement van Arbeid voorsien sal word na goedkeuring deur die Raad, sal in terme van Artikel 22 van die Wet op alle kennisgewingsborde geplaas word. Sodanige verslag sal ook in terme van wetgewing in die jaarlikse finansiële verslag van Kaap Agulhas Munisipaliteit gepubliseer moet word. In terme van Artikel 24 van die Wet het die Munisipale Bestuurder die Direkteur: Korporatiewe Dienste, mnr Sam Ngwevu aangewys om verantwoordelikheid vir die monitering en implementering van die Gelyke Indiensnemingsplan te neem.

**Die volgende bylae word by die verslag ingesluit vir oorweging:**

Bylaag A: Vorm EEA2 van 2013/2014
Bylaag B: Vorm EEA4 van 2013/2014

**Asook die vorige bylae van die vorige jaar se verslag vir (kennisname)**

Bylaag D: Vorm EEA2 van 2012/2013
Bylaag E: Vorm EEA4 van 2012/2013

**WETLIKE VEREISTES**

Wet op Gelyke Indiensneming, 55 van 1998.

**RAADSBELEID**

Prosedure Handleiding vir die aanstelling van personeel soos deur die Raad goedgekeur op 28 Augustus 2012.

**PERSONEEL IMPLIKASIES**

Probleme word ondervind met die indiensneming van gestremde persone.

**KOMMENTAAR**

(i) Artikel 21 van die wet op Gelyke Indiensneming, Nr 55 van 1998 vereis dat die Raad jaarliks moet rapporteur voor of op 1 Oktober volledig verslag doen aan die Departement van Arbeid volgens 'n voorgeskrewe formaat rakende die stand van gelyke indiensneming in die werkplek.
(ii) Die inligting vervat en die tydperk rapportering in die verslag is vanaf 1 Oktober 2013 tot 30 September 2014.
(iii) Die verslag voldoen aan Interne aanstellings "Section D: Promotions" asook EPWP tydelike werknemers wat nie by die vorige rapporteringsverslag ingesluit was nie.
(iv) Die verslag voldoen ten volle aan die Departement van Arbeid se eise.
(v) Die teiken volgens die Gelyke Indiensnemingsplan is die aanstelling van n gestremde persoon is nie behaal nie. Geen gestremde persone het aansoek gedoen gedurende die 2013/2014 rapporterings jaar vir eksterne advertering van vakante poste nie. Menslike Hulpbronne kan nie ekstern "headhunt" nie aangesien die werksplek nie gestremdvriendelik is nie. 'n Gestremde persoon kan ook nie aangestel word, as hy/sy nie op die goedgekeurde mikrostruktuur geakkomodeer kan word met voldoende fondse nie. So 'n persoon sal ook moet beskik oor die minimum vereistes ten op sigte van die " Beroepsvlak van Skilled Technical".
(vi) Na aanleiding van die Plan is daar teikens bereik sommige beroepsvlakke soos die "Unskilled en Skilled Technical".
(vii) Na aanleiding van die plan was die grootste teiken 1 African Female wat bereik was.

***AANBEVELING: GELYKE INDIENSNEMINGSKOMITEE***

(i) Dat die Gelyke Indiensnemingsverslag goegekeur word.
(ii) Dat die item na die Raad verwys word.

***BESTUURSAANBEVELING***

(i) Dat die Gelyke Indiensnemingsverslae soos uiteengesit in bylaes A en B tot hierdie verslag goedgekeur word.
(ii) Dat die Munisipale Bestuurder die Gelyke Indiensnemingsverslae soos hierbo verwys namens die Raad onderteken.
(iii) Dat die Gelyke Indiensnemingsverslae, na ondertekening deur die onderskeie partye soos deur wetgewing vereis, by die Departement van Arbeid ingedien word.
(iv) Dat afskrifte van die goedgekeurde Gelyke Indiensnemingsverslae aan alle departementshoofde en voorsitters van die onderskeie vakunies voorsien word vir beskikbaarstelling aan alle personeel in die onderskeie departemente.

***BESLUIT 231/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

12.2 **APPROVAL OF THE PROJECT FAIR SHORTFALL (MHR)**

**PURPOSE OF REPORT**

For Council to approve the financing of the Organisational Review, Structure Design and Job Evaluation Process shortfall. This is to enable Council to make provision in the consulting fee budget vote 110252121, whilst awaiting Western Cape Provincial Treasury to allocate funding approved, specifically for this project.

**BACKGROUND**

Qbit was appointed from 13 August 2014 to 20 December 2014 to conduct an organisational review and structure design, a system for and job evaluation processes in order to be able to determine the appropriate remuneration for Cape Agulhas Municipality employees.

When approving the tender process certain steps in the Qbit proposal were removed and also the development of Standard Operating Procedures and the Budget and Treasury Unit were not included, due to budget constraints.

Finance Department and Human Resouces Department individually submitted business plans to Provincial Treasury requesting financial assistance in a form of co-funding the two business plans. The application was approved by the Provincial Treasury in principle.

Please see copies of the Service Level Agreement attached on page , amounting to:

1. Project FAIR : R418 470,00 (incl. expenses)
2. Finance SOP's and BTO : R376 231,20 (incl. expenses)

**LEGAL IMPLICATIONS**

Municipal Finance Management Act 56 of 2003, section 70: 1(a) (i); (ii); (iii).

**FINANCIAL IMPLICATIONS**

National Allocation: MSIG - Upgrade of server room to the amount of R500 000 will not take place and therefore requested to relocate the funds towards the project as an additional funding source.

***MANAGMENT RECOMMENDATION***

(i) Council consider approval of the amended total cost to the value of R1 237 950 in respect of the Organisational Review: FAIR and approves that the grant funding (MSIG & Western Cape Provincial Treasury) first be utilised and the remainder of the cost from the consultancy budget vote: 1/1025/2121; and
(ii) That the amendments be included as part of the 2014/15 adjustment budget to be submitted in January 2015.

***BESLUIT 232/2014***

That Management's recommendation be accepted.

12.3 **ESTABLISHMENT OF A "SCOA" COMMITTEE AND SUBMISSION OF AN IMPLEMENTATION PLAN (DFD)**

**PURPOSE OF REPORT**

The purpose of this report is for council to consider the establishment of a "SCOA" committee as well as the approval of a high level "SCOA" implementation plan.

**BACKGROUND**

The regulations in respect of the Standard Chart of Accounts (SCOA) has been promulgated during April 2014 for implementation effective 1st July 2017.

Some of the key objectives of the proposed Regulations is to enable the alignment of budget information with information captured in the course of the implementation of the budget; improve data quality and credibility; achieve a greater level of standardization; improve transparency, accountability and governance through uniform recording of transactions at posting account level; enable deeper data analysis and sector comparisons to improve financial performance and the standardisation of the account classification to facilitate mobility in financial skills within local government in order to enhance the ability to attract and retain skilled personnel

In order for the municipality to ensure compliance it is important to start strategizing through the establishment of a SCOA Committee who will be responsible for oversight and monitoring of the project according to set timeframes as determined per "SCOA" high level implementation plan.

It is therefore suggested that the following members will form part of the newly established SCOA Committee for consideration by council:

- Accounting Officer as the Project Executive / Chairperson;
- Chief Financial Officer as the Project Manager;
- SAMRAS System Administrator as the Project Champion;
- All the members of ICT Steering Committee;
- Manager Expenditure;
- Manager Revenue; and
- External Expertise / SAMRAS Service Providers on an Ad Hoc Basis basis per needs requirement.

It is further recommended that the Chairperson of the SCOA Committee may convene meetings as deemed necessary but the Committee must at least convene quarterly.

Currently National & Provincial Treasury is lacking leadership, proper directive and communication as the custodians and major roll players with regard to the implementation of SCOA project with specific reference to the roll-out of the project, operational and institutional implications that might have an impact on the project as well as risks (funding / internal & external capacity / approval of system vendors / possible fruitless expenditure) identified which might affect the positive outcome of the project.

Due to uncertainty the following high level SCOA implementation plan has been develop as ***Annexure "A"*** for further refinement aligned to National Treasury's future guidelines and / or implementation framework.

The SAMRAS Financial System service provider has been engaged and consulted on how to assist the municipality with the development of a detail project plan and implementation with time frames for the roll-out of the SCOA regulations to be become fully compliant. The proposed time tabled is scheduled for implementation 1st July 2015 and the service provider requested whether the municipality will not consider to be part of the pilot programme in respect of the implementation of SCOA.

**Legal Implication**

Non-compliance if not adhere to the prescripts as stipulated in the SCOA regulations.

**Financial Implication**

The total cost to implement the SCOA regulations has not yet been determined and an assessment will take place to determine the requirements in terms of SCOA / SAMRAS Financial System and needs of the municipality's to become fully compliant.

The service provider of the SAMRAS Financial System have developed a SCOA Support Agreement of one week per month for a period of twelve months starting from the 1st November 2014 to the amount of R349,920 excluding VAT as well as travelling / accommodation.

The Municipal Manager, in consultation with the Director: Finance, recommends as follows:

***MANAGEMENT RECOMMENDATION***

(i) Council considers approval of the recommended SCOA committee consisting of the following:
- Accounting Officer as the Project Executive / Chairperson;
- Chief Financial Officer as the Project Manager;
- SAMRAS System Administrator as the Project Champion;
- All the members of ICT Steering Committee;
- Manager Expenditure;
- Manager Revenue; and
- External Expertise / SAMRAS Service Providers on an Ad Hoc Basis basis per needs requirement

(ii) Council considers approval of the high level SCOA implementation plan attached as ***Annexure "A"***; and

(iii) Council considers the approval of the SAMRAS – SCOA Support Agreement to the amount of R349,920 excluding VAT as well as travelling / accommodation based on the municipality's needs and submission as part of the 2014/15 adjustment budget to the amount of R174,960 till the end of June 2015.

***BESLUIT 233/2014***

That Management's recommendation be accepted.

## 16. ONAFGEHANDELDE RAADSBESLUITE

| Besluit Nr | Onderwerp | Verkorte Besluit | Vordering | Verantwoordelike persoon |
|---|---|---|---|---|
| 291/2012 | Verhuring gedeelte meentgrond, Napier: Vierfontein Boerdery (7/1/3/1) | (i) Volstaan met besluit 153/2011 geneem op 31 Augustus 2011, met die weglating van (ix).<br>(ii) Beswaarmaker dienooreenkomstig in kennis stel.<br>(ii) Dat 'n opskortende voorwaarde gestel word m.b.t. nie-nakoming van die 40% swartbemagtigingsgroep, soos gemoniteer deur LED. | | LED / MB |
| 174/2014 | Payment of outstanding invoice: Kiosk Renovating | Refer back to Community Services Department for full investigation. | ***Verdere inligting is aangevra.*** | DGD |
| 198/2014 | Ablusie Geriewe: Nostra | (i) Dat bouplanne aan die Boukomitee voorgelê word.<br>(ii) 'n Projekbestuursplan saamgestel word.<br>(iii) MB en DSID afgevaardig word om tydelike ablusie geriewe daar te stel gedurende die komende seisoenstyd. | ***Kwotasies vir die aanbring van tydelike ablusie geriewe ("containers") is ingewin.*** | DGD / DSID / MB |
| 205/2014 | Kantoorakkommodasie | (i) Raad die huur van die Nedbank gebou oorweeg.<br>(ii) MB en DFD gemagtig word om verhuringsooreenkoms vir 'n tydperk van drie jaar te onderhandel, met die opsie om te verleng.<br>(iii) In die aansuiweringsbegroting toegelaat word vir die kostes vir die huur.<br>(iv) Dat erwe 581, 591 en 3652, Bdorp op 'n openbare veiling vervreem word met 'n insetwaarde gekoppel aan die markwaarde soos bepaal.<br>(i) In gesprek getree word met 'n ontwikkelaar om die Raad te adviseer rakende die toekomstige moontlike gebruike van erwe 581, 591 en 3652.<br>(ii) Moontlikheid om erwe 581, 591 en 3652, Bredasdorp op 'n openbare veiling te vervreem ondersoek word en verslag aan die Raad voorgelê word. | ***In proses.*** | MB |

***BESTUURSAANBEVELING***

Dat die Raad kennis neem van die onafgehandelde Raadsbesluite.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2014**

***BESLUIT 234/2014***

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word

_____

**SPEAKER** **DATUM:**

Hierna gaan die Raad In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.